

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 19 Junie 2016*

### **Baie Welkom by ons Erediens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

### **Omgee:**

- Hendrik Fritz is uit hoë-sorg na 'n gewone saal (section 4) geskuif in Garden City hospitaal.
- Junita Truter se suster het mediese uitslae gekry dat die kanker versprei het in haar longe.
- Ds Stephan se pa word DV Woensdag geöpereer om kanker aan sy gesig te laat uitsny.
- Ons doen voorbidding vir Herman Coetzee wat DV Maandag die Kuratore in Potchefstroom sien i.v.m. sy aansoek om toelating tot die bediening as predikant.

### **Offergawes:**

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

# Afkondigings: ☀

- Geen erediens vanaand nie vanweë langnaweek en skoolvakansie. **Aanderediens** begin weer DV Sondag 24 Julie 2016.
- **Ter approbasie** van die gemeente word Arthur en Lettie van Niekerk voorgestel as diakens.
- **Eiendomme-diensgroep** vergader DV Dinsdag 21 Junie om 18:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** sal daar verversings wees met vrywilligers se hulp. Die volgende vier weke is dit skoolvakansie. Daar is dan nie tee of koffie na die diens nie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).



## Jy kan Help

- Waarnemende Koster gesoek – sê vir enigeen van die kerkraadslede as jy wil help.
- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Amanda Kotze (074 960 4142) is op soek na 'n tuinwoonstel om te huur.
- Die begrafnisdienegroep sê dankie vir die 8 appelkoos overlays wat teruggekom het. As die res nog êrens is, sal hulle dit ook graag terug ontvang!
- Fonds vir bediening aan kinders van die vervolgte kerk: die fonds is by Geopende Deure begin as die “Lohann en Nicola Briel Ministry” – kry besonderhede by die kerkkantoor. (011 673 9705 of 072 651 8286)

## Gebed: Voorbidding...

Klein Imke het aanvanklik na die operasie baie pyn gehad. Sy was konstant op morfien. Daar was egter teen Maandag 'n groot verbetering, in so 'n mate dat hulle gesê het dat sy vir die week, tot Vrydag, huistoe kon gaan. Haar bloedtelling het op daardie stadium goed gelyk. Wat die fondsinsameling betref, die bedrag wat hulle sover ingevorder het is: R3,037,782.81 Daar is nog heelwat uitstaande.

Bly asb. bid vir haar, ook vir finansiële voorsiening.

Vir die wat belangstel, hulle FB bladsy is Gebede vir Imke of Darius Geldenhuys.

## Toerusting: Teen die Gety 5 vervolg: Die gesagsposisie van God se verteenwoordigers (deel 2)

*Gedeeltes aangehaal uit die boek, Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

### 6. Vir elke gelowige.

In deel 1 het ons laasweek afgesluit met Efes. 1:15- 22. Nou vra jy dalk: “Wat hou dit alles vir my in?” Lees Efes.2:1 Daar staan dat ons in 'n geestelike sin dood was in ons misdade en sonde soos Jesus letterlik dood was. Die Satan - owerste van die magte

in die lug, het oor ons geheers. *Let nou op! Efes. 2: 4-6 verduidelik wat met ons gebeur het toe ons uit die dood van sonde lewend geword het.*

Kyk veral na die tweede helfte van vers 6: en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus (OAV) m.a.w. waar sit ons nou? Ons sit:

In die hemele;

In Christus Jesus; en

Bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy.....

Die gesag wat ons het, is *absolute* gesag in die sin dat *net Jesus en die Vader self hoër* gesag het as ons. Elke mens wat in Christus Jesus is, het hierdie gesagsposisie.

(Lees weer Ef.1:19)

*Onthou, ons het geen gesag in onself nie, behalwe die gesag wat Christus aan ons gee. Dit bly altyd sy gesag wat Hy aan ons deleger en word nooit ons s'n nie.*

Belangrik!! Dit is deel van jou erfnis as gelowige; dit is nie iets wat jy moet verwerf of verdien, of waarvoor jy moet bid nie!

Jy sê miskien dit kan nie waar wees nie, of dat dit vir jou te groot is; tog het God dit vir jou gegee en is dit wettig joune om elke dag te gebruik. Trouens jy sal nie as gelowige in oorwinning oor sonde kan leef nie en teen die magte van diee bese staande kan bly as jy nie hierdie gesagsposisie het, en daarvandaan oor sonde en die magte van die duisternis regeer nie.

#### 7. Die verskil tussen krag en gesag

Daar is 'n baie duidelike verskil tussen *krag en gesag*. Krag verleen gesag en hoe meer *krag* 'n persoon tot sy beskikking het, hoe meer *gesag* kan hy uitoefen. In Han.1:8 sê Jesus aan die dissipels: *..julle sal krag ontvang wanneer die .....* In Matt. 28:18 sê *Hy alle gesag aan Hom behoort*..Omdat Jesus in my as gelowige woon, is daar *krag* in my en daardie *krag* verleen aan my bepaalde *gesag*.

#### 8. Meer oor die gesagsposisie

Hierdie posisie in Christus is 'n geloofsposisie. Jy moet staan op God se feite:die Woord se dat jy saam met Christus in die hemele sit,ver bo alle bese magte en enige vorm van gesag. Soms voel ons depressief, moedeloos en verslae, maar dan is ons nog steeds in dieselfde gesagsposisie. Moenie dat jou gevoelens vir jou dikteer wat jou posisie in Christus is nie.

#### 9. Die inneem van die gesagsposisie

Wanneer ons eenmaal weet dat ons hierdie gesagsposisie in Christus het, moet ons vanuit daardie posisie leef. Ons moet daagliks hierdie posisie in geloof inneem en ons outoriteit oor die magte van die Bese toe-eien. Jy kan dit in gebed met die volgende strekking doen: *Here, ek kom neem my gesagsposisie in Christus in. Dankie dat ek saam met Christus bo alle bese magte en enige vorm van gesag in die hemele sit.* Neem hierdie posisie daagliks saam met Christus in, totdat dit tweede natuur word.

#### 10. Onderskei tussen gebed en gesagsposisie

Dit is belangrik om te onderskei tussen gebed en die beoefening van die gesagsposisie.

Gebed is nie beoefening van gesag nie. Ons beoefen wel ons gesagsposisie binne die gebed.

Ons gebede moet nie net versoeke, smeking en voorbidding bevat nie, maar moet ook die beoefening van gesag oor die magte van die Bose in die Naam van Jesus Christus insluit.

Om Satan net te weerstaan in die Naam van Christus is slegs die helfte van ons stryd teen die Bose. In opdrag van Jesus moet die Bose met 'n baie spesifieke aksie gebind word waar hy werksaam is. Ons is geroep tot medewerkers in die stryd teen die Satan.

## Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

## Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

20/06 LOURIKA RENSBURG      079 488 1278  
25/06 FANIE OLIVIER            079 710 2344

## Mag die Here jou oorvloedig seën

### Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,  
[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,  
076 867 3125, [zooch234@gmail.com](mailto:zooch234@gmail.com)

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, [vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.  
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

**[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)**

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480;  
Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082  
777 7734.